- (3) Unless it is satisfied that the person applying for consent is competent and has the equipment to remove the objectionable refuse and to comply with the conditions laid down by the Council, the Council shall not give its consent in terms of subsection (1).
- (4) The person referred to in section 11(1) shall inform the Council, at such intervals as the Council may determine, having regard to the information to be given to the Council in terms of section 11(1) of the removal of objectionable refuse, the identity of the remover, the date of such removal, the quantity and the composition of the objectionable refuse removed.

## HOOFSTUK 6

## CHAPTER 6

**STORTTERREINE***Prosedure by Stortterreine*

14.(1) *Iemand wat 'n stortterrein waaroor die Raad beheer uitoefen, met die doel om afval te stort, betree, moet -*

(a) *die stortterrein slegs by die gemagtigde ingangspek binnegaan;*

(b) *al die besonderhede wat die Raad betreffende die samestelling van die afval vereis, verstrek;*

(c) *alle opdragte van die Raad in verband met toegang tot die werklike stortplek, die plek waar en die manier waarop die afval gestort moet word, nakom.*

(2) *Niemand mag sterk drank na 'n stortingsterrein wat onder toesig van die Raad staan, bring nie.*

(3) *Niemand mag 'n stortingsterrein waarop die Raad beheer uitoefen, binnegaan nie, behalwe met die doel om afval ingevolge hierdie verordeninge te stort en dan slegs op die tye wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.*

*Eiendomsreg op Afval*

15.(1) *Alle afval en plastiese voerings wat die Raad verwyder het en alle afval op afvalstortterreine waaroor die Raad beheer uitoefen, is die eiendom van die Raad en niemand wat nie deur die Raad daartoe gemagtig is nie, mag dit verwyder of hom daarmee bemoei nie.*

(2) *Slegs afval afkomstig van persele wat binne die munisipaliteit geleë is, mag op die Raad se stortterreine gestort word, behalwe*

**DISPOSAL SITES**

## Procedure at Disposal sites

14.(1) Any person who, for the purpose of disposing of refuse, enters a refuse disposal site controlled by the Council, shall -

(a) enter the disposal site at an authorized access point only;

(b) give the Council all the particulars required in regard to the composition of the refuse;

(c) follow all instructions given to him by the Council with regard to access to the actual disposal point, the place where and the manner in which the refuse should be deposited.

(2) No person shall bring any intoxicating liquor onto a disposal site controlled by the Council.

(3) No person shall enter a disposal site controlled by the Council for any purpose other than the depositing of refuse in terms of these by-laws and then only at such times as the Council may from time to time determine.

## Ownership of Refuse

15.(1) All refuse and bin liners removed by the Council and all refuse on disposal sites controlled by the Council shall be the property of the Council and no person who is not authorized by the Council to do so, shall remove or interfere therewith.

(2) Only refuse generated on premises situated within the municipality, may be deposited on the Council's disposal sites: Provided that

*in gevalle waar skriftelike magtiging deur 'n gemagtigde beampte van die Raad aan instansies buite die munisipaliteit verleen is.*

### **HOOFSTUK 7**

#### **ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE**

##### *Rommelstrooiery*

16.(1) *Niemand mag -*

- (a) *afval in of op 'n openbare plek, leë standplaas, leë erf, stroom of waterloop gooi, laat val, stort of mors nie;*
  - (b) *afval in 'n straatvoor op 'n openbare plek invee nie;*
  - (c) *iemand oor wie hy beheer uitoefen, toelaat om enigiets waarna daar in paragrawe (a) en (b) verwys word, te doen nie.*
- (2) *Vir die toepassing van hierdie artikel word dit geag dat iemand die dae waarna daar in subartikel (1) verwys word, deur diegene waaroor hy beheer uitoefen, toegelaat het, tensy die teendeel bewys word.*

##### *Storting*

17.(1) *Behoudens enige andersluidende bepalings van hierdie verodeninge, mag niemand enigiets op 'n plek laat, of toelaat dat enigiets waaroor hy beheer voer, gelaat word nie, met die doel om dit daar te laat, op 'n plek waarheen dit gebring is.*

- (2) *As daar bewys is dat so iemand iets gelaat het, of toegelaat het dat dit gelaat word op 'n plek waarvan hy nie die eienaar of okkupant is nie, word dit geag dat hy die*

written permission may be granted by an authorized official of the Council in this regard to institutions situated outside the municipality.

### **CHAPTER 7**

#### **LITTERING, DUMPING AND ANCILLARY MATTERS**

##### *Littering*

16.(1) No person shall -

- (a) throw, let fall, deposit or spill any refuse into or onto any public place, vacant stand, vacant erf, stream or watercourse;
  - (b) sweep any refuse into a gutter on a public place;
  - (c) allow any person under his control to do any of the acts referred to in paragraphs (a) en (b).
- (2) For the purpose of this section a person shall be deemed to have allowed the acts referred to in subsection (1) of persons under his control, unless the contrary is proved.

##### *Dumping*

17.(1) Subject to any provisions to the contrary contained in these by-laws, no person shall abandon anything or allow anything under his control to be abandoned at a place to which it has been brought with the intention of abandoning it there.

- (2) Once it has been proved that such person left a thing or allowed a thing to be left at a place of which he is not the owner or occupier, he shall be deemed to have

<p><i>bepalings van subartikel (1) oortree het, tensy en totdat hy die teendeel bewys het.</i></p>	<p>contravened the provisions of subsection (1) unless and until he proves the contrary.</p>
<p><i>Goed wat laat vaar is</i></p>	<p>Abandoned things</p>
<p>18. <i>Enigiets, behalwe 'n voertuig wat ingevolge artikel 131 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, as laat vaar beskou word, wat met inagneming van faktore soos die plek waar dit gevind is, die tydperk wat dit op so 'n plek gelaat is en die aard en toestand daarvan, redelikerwys na die mening van die Raad as laat vaar beskou kan word, kan na goeddunke van die Raad verwyder en mee weggedoen word.</i></p>	<p>18. Anything, other than a vehicle deemed to have been abandoned in terms of section 131 of the Road Traffic Ordinance, 1966, which is having regard to such factors as the place where it is found, the period it has been left at such place and the nature and condition thereof, reasonably regarded by the Council as having been abandoned, may be removed and disposed of by the council as it may deem fit.</p>
<p><i>Aanspreeklikheid van Verantwoordelike Persoon</i></p>	<p>Liability of Responsible Person</p>
<p>19.(1) <i>As die Raad enigiets ingevolge artikel 18 verwyder en daarmee weggedoen het, is die verantwoordelike persoon teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die gelde ten opsigte van sodanige verwydering en wegdoening.</i></p>	<p>19.(1) Where anything has been removed and disposed of by the Council in terms of section 18, the responsible person shall be liable to the Council for the payment of the tariff charge in respect of such removal and disposal.</p>
<p>(2) <i>Vir die toepassing van subartikel (1) is die verantwoordelike persoon -</i></p>	<p>(2) For the purpose of subsection (1) the responsible person shall -</p>
<p>(a) <i>die eienaar van die goed, insluitende iemand wat daarop geregtig is om die goed kragtens 'n huurkoopvooreenkoms of 'n huurkontrak in sy besit te hê op die tydstip toe dit laat vaar is of op die plek geplaas is waarvandaan dit verwyder is, tensy hy kan bewys dat hy nie daarby betrokke was nie en nie geweet het dat dit laat vaar of daar geplaas is nie; of</i></p>	<p>(a) the owner of the thing and shall include any person who is entitled to be in possession thereof by virtue of a hire purchase agreement or an agreement of lease at the time when it was abandoned or left in the place from which it was removed, unless he can prove that he was not concerned in and did not know of it being abandoned or left in such place; or</p>
<p>(b) <i>iemand wat dit op die plek waarvan dit verwyder is, gelaat het; of</i></p>	<p>(b) any person by whom it was left in the place from which it was removed; or</p>



- (c) *iemand wat wetend toegelaat het dat dit op die plek waarvan dit verwyder is, gelaat is.*

## **HOOFSTUK 8**

### **ALGEMENE BEPALINGS**

#### *Toegang tot 'n perseel*

- 20.(1) *Waar die Raad 'n afvalverwyderingsdiens lewer, moet die eienaar of okkupant van 'n perseel aan die Raad toegang verleen en sorg dat niks die Raad in die lewering van sodanige diens dwarsboom, fnuik of hinder nie.*

- (2) *Waar, na die mening van die Raad, die lewering van 'n afvalverwyderingsdiens aan 'n perseel skade aan enige eiendom of besering van enige persoon kan veroorsaak, kan die Raad as 'n voorwaarde vir die lewering van sodanige diens vereis dat die eienaar of okkupant van sodanige perseel die Raad skriftelik vrywaar ten opsigte van sodanige skade of besering of enige eis wat daaruit mag voortspruit.*

#### *Hoe dikwels verwydering geskied en Aard van Afval*

21. *Ondanks enige andersluidende bepaling, bepaal die Raad hoe dikwels verwydering moet geskied en wat die aard van enige afval is.*

#### *Ophoping van Afval*

22. *Waar enige afval op 'n perseel ophoop sodat dit na die mening van die Raad verwyder moet word, kan die Raad sodanige afval verwyder en is die eienaar of*

- (c) any person who knowingly permitted that the thing be left in the place from which it was removed.

## **CHAPTER 8**

### **GENERAL PROVISIONS**

#### *Access to Premises*

- 20.(1) Where the Council provides a refuse removal service, the owner or occupier of premises shall grant the Council access to the premises and shall ensure that nothing obstructs, frustrates or hinders the Council in the rendering of such service.

- (2) Where, in the opinion of the council the rendering of a refuse collection service to a premises may cause damage to any property or injury to any person, the Council may, as a condition of rendering such service, require the owner or occupier of such premises to indemnify the council in writing in respect thereof.

#### *Frequency of Removal and Nature of Refuse*

21. Notwithstanding any provision to the contrary, the Council shall determine the frequency of the removal and the nature, of any refuse.

#### *Accumulation of Refuse*

22. Where any refuse accumulates on any premises so that, in the opinion of the Council it must be removed, the Council may remove such refuse and the owner or occupier of

<p><i>okkupant van sodanige perseel teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die gelde vir sodanige verwydering en wegdoening.</i></p>	<p>such premises shall be liable to the Council for the payment of the tariff charge for such removal and disposal.</p>
<p><i>Aansoek om die Staking van 'n Diens</i></p>	<p>Application for the Discontinuing of a Service</p>
<p>23.(1) <i>'n Aansoek om die staking van 'n diens wat ingevolge hierdie verordeninge gelewer word, moet deur die eienaar of okkupant van 'n perseel of hul gevolmagtigde skriftelik of op enige ander wyse soos deur die Raad bepaal, gedoen word.</i></p>	<p>23.(1) An application for the discontinuing of a service rendered in terms of these by-laws, shall be made in writing or in any other manner as determined by the council, by the owner or occupier or their authorized agent.</p>
<p>(2) <i>Ondanks die bepalings van subartikel (1), word 'n diens ten opsigte van die verwydering van huis- of besigheidsafval nie gestaak nie, alvorens 'n skriftelike kennisgewing van die eienaar van 'n perseel deur die Raad ontvang is, dat sodanige afval nie meer op die perseel ontstaan nie, of indien dit vir die Raad blyk dat sodanige afval nie meer op die perseel ontstaan nie.</i></p>	<p>(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1) a service for the removal of domestic or business refuse shall not be discontinued unless the Council has received a written notification from the owner of a premises that no such refuse is generated on the premises or unless it is obvious to the Council that no such refuse is generated on the premises.</p>
<p><i>Gelde</i></p>	<p>Charges</p>
<p>24.(1) <i>Die persoon aan wie die Raad 'n diens ingevolge hierdie verordeninge gelewer het, is, behoudens andersluidende bepalings van hierdie verordeninge, teenoor die Raad aanspreeklik vir die betaling van die gelde vir sodanige diens.</i></p>	<p>24.(1) Save where otherwise provided in these by-laws, the person to whom a service mentioned in these by-laws has been rendered by the council, shall be liable to the Council, for the payment of the tariff charge in respect of such service.</p>
<p>(2) <i>die maandelikse gelde is betaalbaar totdat die Raad die kennisgewing wat in artikel 23 genoem word, ontvang of dit vir die Raad duidelik blyk dat daar nie meer huis- of besigheidsafval op die perseel ontstaan nie.</i></p>	<p>(2) Monthly tariff charges shall be payable until receipt by the council of the notice mentioned in section 23 or when it has become obvious to the Council that the generation of domestic or business refuse on the premises has ceased.</p>
<p>(3) <i>Vir die doeleindes van die</i></p>	<p>(3) For the purpose of calculating the</p>

<p><i>berekening van die maandelikse gelde betaalbaar ingevolge hierdie verordeninge, beteken "maand" 'n kalendermaand: Met dien verstande dat 'n gedeelte van 'n maand as 'n volle maand beskou word.</i></p>	<p>monthly tariff charges payable in terms of these by-laws, "month" means a calender month: Provided that a portion of a month shall be regarded as a full month.</p>
<p>(4) <i>Die Raad het te eniger tyd die reg om gelde ten opsigte van 'n diens wat ingevolge hierdie verodeninge aan enige perseel gelewer word, te hef, alhoewel daar geen aansoek van die eienaar of okkupant van sodanige perseel vir die lewering van die diens deur die Raad ontvang is nie.</i></p>	<p>(4) The council shall have the right at any time to levy tariff charges in respect of a service rendered to any premises in terms of these by-laws, although the council has not received an application to render such service from the owner or occupier of such premises.</p>
<p>(5) <i>Iemand wat versuim om die gelde wat gehef is ten opsigte van dienste wat deur die Raad gelewer is, te betaal, begaan 'n misdryf.</i></p>	<p>(5) Any person who fails to pay the tariff charges levied in respect of services rendered by the Council shall be guilty of an offence.</p>
<p><i>Oortredings en Strafbepalings</i></p>	<p>Offences and Penalties</p>
<p>25.(1) <i>Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is, by skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of beide sodanige boete en gevangenisstraf.</i></p>	<p>25.(1) any person who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and shall be liable, on conviction, to a fine not exceeding R300 or to imprisonment for a period not exceeding 12 months or to both such fine and imprisonment.</p>
<p>(2) <i>Iemand wat voortgaan om 'n bepaling van hierdie verordeninge te oortree of te versuim om daaraan te voldoen, begaan ten aansien van elke tydperk van 24 uur of 'n gedeelte daarvan, wat die oortreding voortduur, 'n afsonderlike misdryf en is vir elke afsonderlike misdryf strafbaar soos omskryf in subartikel (1).</i></p>	<p>(2) In the event of a continuing offence, any person who contravenes or fails to comply with any provision of these by-laws, shall deemed to be guilty of a separate offence for every 24 hours or part of such period during which the offence continues, and shall be liable as set out in subsection (1) in respect of each such separate offence.</p>
<p><i>Herroeping van Verordeninge</i></p>	<p>Repeal of By-Laws</p>
<p><i>Artikel 43 tot en met 46(b) onder Hoofstuk 1 van Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die</i></p>	<p>Sections 43 of 46 and 47(b) inclusive under Chapter 1 of Part IV of the Public Health By-Laws of the Pietersburg</p>

*Munisipaliteit Pietersburg afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby herroep.*

Municipality published under Administrator's Notice 148 dated 21 February 1951, as amended, are hereby revoked.

**BYLAE****1. VULLISVERWYDERING**

*Die eienaar van enige erf, standplaas, perseel of ander terrein moet maandeliks die volgende gelde wat, tensy anders vermeld, per kalendermaand of gedeelte daarvan, gehef word, ten opsigte van vullisverwydering aan die Raad betaal:*

- 1.(i) *Woonhuise, kerke en kerksale wat vir daardie doel gebruik word; en*
- (ii) *Verbeterde persele wat uitsluitlik gebruik word deur, en geregistreer is in die naam van die Boy Scouts, Gil Guides, Voortrekkers of 'n soortgelyke organisasie:*

***Per eenheid***

- (a) *'n erf met 'n grondoppervlakte wat nie 500 m<sup>2</sup> oorskry nie; R11,25.*
- (b) *Alle ander erwe met 'n grondoppervlakte wat groter dan 500 m<sup>2</sup> is:*
- (i) *Vir die eerste 500 m<sup>2</sup> van die grondoppervlakte van die erf: R18,05*
- (ii) *Daarna, vir die volgende 500 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die grondoppervlakte van die erf: R12,10*
- (iii) *Daarna, per 500 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die grondoppervlakte van die erf: R6,05.*

**SCHEDULE****1. REFUSE REMOVAL**

The owner of any erf, stand, premises or other area shall monthly pay to the Council the following refuse removal charges, which, unless otherwise stated, shall be levied per calendar month or part thereof:

- 1.(i) Dwelling-houses, churches and church halls which area used for that purpose; and
- (ii) Improved premises used exclusively by and registered in the name of the Boy Scouts, Girl Guides, Voortrekkers or a similar organization.

***Per unit***

- (a) On an erf with a surface area not exceeding 500 m<sup>2</sup>: R11,25.
- (b) All erven with a surface area in excess of 500 m<sup>2</sup>:
- (i) For the first 500 m<sup>2</sup> of the surface area of the erf: R18,05.
- (ii) Thereafter, for the following 500 m<sup>2</sup> or part thereof, of the surface area of the erf: R12,10.
- (iii) Thereafter, per 500 m<sup>2</sup> or part thereof, of the surface area of the erf: R6,05.

<p><i>Met dien verstande dat waar meer as een wooneenheid op 'n erf opgerig is, die oppervlakte van sodanige erf verdeel word deur die getal wooneenhede daarop en die heffing vir elke gedeelte aldus verkry ingevolge bogemelde formule, bereken word asof sodanige gedeelte 'n afsonderlik erf uitmaak.</i></p>	<p>Provided that where more than one dwelling-unit is erected on an erf, the area of such erf shall be divided by the number of dwelling-units thereon, and the charge, for each portion so obtained, shall be calculated in terms of the above formula as if such portion constitutes a separate erf.</p>
<p>(iv) <i>Maksimumvordering: R90,65</i></p>	<p>(iv) Maximum charge: R90,65.</p>
<p>2. <i>Woonstelle:</i></p>	<p>2. Flats:</p>
<p style="text-align: center;"><b><i>Per eenheid</i></b></p>	<p style="text-align: center;"><b>Per unit</b></p>
<p>(a) <i>Tot en met 500 m<sup>2</sup> van die grondoppervlakte van die erf: R18,05</i></p>	<p>(a) Up to and including 500 m<sup>2</sup> of the surface area of the erf: R18,05.</p>
<p>(b) <i>Daarna, vir die volgende 500 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die grondoppervlakte van die erf: R12,10</i></p>	<p>(b) thereafter, for the following 500 m<sup>2</sup> or part thereof, of the surface area of the erf: R12,10.</p>
<p>(c) <i>Daarna, per 500 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die grondoppervlakte van die erf: R6,05.</i></p>	<p>(c) thereafter, per 500 m<sup>2</sup> or part thereof, of the surface area of the erf: R6,05.</p>
<p><i>Met dien verstande dat waar meer as een wooneenheid op 'n erf opgerig is, die oppervlakte van sodanige erf verdeel word deur die getal wooneenhede daarop en die heffing, vir elke gedeelte aldus verkry, ingevolge bogemelde formule bereken word asof sodanige gedeelte 'n afsonderlike erf uitmaak:</i></p>	<p>Provided that where more than one dwelling-unit is erected on an erf, the area of such erf be divided by the number of dwelling-units thereon, and the charge, for each portion so obtained, shall be calculated in terms of the above formula as if such portion constitutes a separate erf.</p>
<p>3. <i>Staatsondersteunde skole, Teknikons, Kolleges, Universiteite en aanverwante geriewe per 1 m<sup>3</sup> houer: R96,50</i></p>	<p>3. State supported schools, Technicians, Colleges, Universities and related amenities per 1 m<sup>3</sup> container: R96,50.</p>
<p>4.(i) <i>Koshuise en aanverwante geriewe vir opvoedkundige inrigtings: en/of</i></p>	<p>4.(I) Hostels and related amenities for educating institutions: and/or</p>

<p>(ii) <i>Tuistes vir bejaardes asook Jeugsentrums/tuistes waarvan die regs persoon geregistreer is as 'n welsynorganisasie ingevolge die toepaslike Nasionale Welsynswette: en/of</i></p>	<p>(ii) Old aged homes as well as youth centers/homes whereof the body corporate is registered as a welfare organization in terms of applicable National Welfare Acts; and/or</p>
<p>(iii) <i>Tehuse, versoringsentrums of ander soortgelyke geriewe wat hoofsaaklik gebruik word vir die voltydse versorging en/of opvoeding van oues van dae, kreupeles en verstandelik/geestelik gestremdes en waarvan die regs persoon geregistreer is as 'n welsynorganisasie ingevolge die toepaslike Nasionale Welsynswette:</i></p> <p><i>Per 300 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou: R36,20.</i></p>	<p>(iii) Homes, crèches or other similar amenities mainly used for the full-time caring and/or education of the aged, cripples and intellectually/mentally handicapped and whereof the body corporate is registered as a welfare organization in terms of the applicable National Welfare Acts:</p> <p>Per 300 m<sup>2</sup> or part thereof, of the total floor area of the building: R36,20.</p>
<p>5. <i>Hotelle gelisensieer ingevolge die Drankwet, soos gewysig:</i></p>	<p>5. Hotels licensed in terms of the liquor Act, as amended:</p>
<p>(i) <i>Tot en met 300 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte: R195,15.</i></p>	<p>(i) Up to and including 300 m<sup>2</sup> of part thereof, of the total floor area: R195,15.</p>
<p>(ii) <i>Daarna, per 100 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou: R43,25.</i></p> <p><i>Maksimum vordering: R3 611,90.</i></p>	<p>(ii) Thereafter, per 100 m<sup>2</sup> or part thereof, of the total floor area of the building: R43,25.</p> <p>Maximum charge: R3 611,90.</p>
<p>6. <i>Nie-residensiële Geboue op Nywerheids-/Kommersieel-gesoneerde erwe:</i></p>	<p>6. Non-residential buildings on industrial/commercially zoned stands:</p>
<p>(i) <i>Tot en met 300 m<sup>2</sup> van die totale vloeroppervlakte van die gebou: R97,55.</i></p>	<p>(i) Up to and including 300 m<sup>2</sup> of the total floor area of the building: R97,55.</p>
<p>(ii) <i>Daarna, per 100 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou: R27,00.</i></p> <p><i>Maksimum vordering: R3 607,55</i></p>	<p>(ii) Thereafter, per 100 m<sup>2</sup> or part thereof, of the total floor area of the building: R27,00.</p> <p>Maximum charge: R3 607,55.</p>
<p>7. <i>Enige ander Gebou:</i></p>	<p>7. Any other building:</p>

(i) <i>Tot en met 300 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte: R195,10.</i>	(i) Up to and including 300 m <sup>2</sup> or part thereof, of the total floor area: R195,10.
(ii) <i>Daarna, per 100 m<sup>2</sup> of gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou: R43,25. Maksimum vordering: R3 611,90.</i>	(ii) Thereafter, per 100 m <sup>2</sup> or part thereof, of the total floor area of the building: R43,25. Maximum charge: R3 611,90.
<p>8. <b>Massahouers:</b></p> <p><i>Vir die verwydering van huishoudelike vullis waar 'n massahouer spesifiek vir die gebruik van 'n spesifieke perseel verskaf word, per massahouer, per verwydering: R193,50.</i></p>	<p>8. <b>Mass containers:</b></p> <p>For the removal of domestic refuse where a mass container is specifically supplied for use by a specific premises per mass container, per removal: R193,50.</p>
9. <b>Tuinvullisverwydering:</b>	9. <b>Garden refuse removal:</b>
(i) <i>Vir die verwydering van tuinvullis in plastiese sakke geplaas op die dag waarop vullisverwydering normaalweg geskied: Gratis.</i>	(i) For the removal of garden refuse in plastic bags on the day which refuse removal normally takes place: No charge.
(ii) <i>Vir die verwydering van tuinvullis anders as in plastiese sakke geplaas, per verwydering: R193,50.</i>	(ii) For the removal of garden refuse other than placed in plastic bags, per removal: R193,50.
<p>10. <i>Vir die verwydering van nie-bederfbare vullis uitgesonderd tuinvullis:</i></p> <p><i>Per verwydering: Beraamde koste + 10%.</i></p>	<p>10. for the removal of non-perishable refuse excluding garden refuse:</p> <p>Per removal: Estimated cost plus 10%.</p>
<p>11. <b>Geleentheidsdienste:</b></p> <p><i>Per verwydering: R212,50.</i></p>	<p>11. <b>Occasional services:</b></p> <p>Per removal: R212,50.</p>
<p>2. <b>NAGVUILVERWYDERING, PER MAAND OF GEDEELTE DAARVAN</b></p>	<p>2. <b>NIGHT-SOIL REMOVAL, PER MONTH OR PART THEREOF</b></p>
<p>1. <i>Vir die verwydering van nagvuil, met uitsondering van munisipale persele, per emmer:</i></p> <p><i>Per verwydering: R33,00</i></p>	<p>1. For the removal of night-soil, with the exception of municipal premises, per bucket:</p> <p>Per removal: R33,00</p>



- |   |   |
|---|---|
| <p>2. <i>Vir die verwydering van nagvuil vanaf munisipale persele: Kosprys van vorige finansiële jaar.</i></p>  | <p>2. For the removal of night-soil from municipal premises: Cost price of the previous financial year.</p>   |
| <p>3. <b>KARKASVERWYDERING EN BESKIKKING DAAROO</b></p>   | <p>3. <b>CARCASS REMOVAL AND DISPOSAL THEREOF</b></p>   |
| <p>1. <i>Kalf, vul, skaap, bok, lam, vark, hond, kat of pluimvee, per karkas: R27,00.</i></p>   | <p>1. Calf, foal, sheep, goat, lamb, pig, dog, cat or poultry, per carcass: R27,00.</p>   |
| <p>2. <i>Enige ander dier, per karkas: R54,00.</i></p>  | <p>2. Any other animal, per carcass: R54,00.</p>  |
| <p>3. <i>Minimumvordering per verwydering: R162,00.</i></p>   | <p>3. Minimum charge, per removal: R162,00.</p>   |
| <p>4. <b>ALGEMEEN</b></p>   | <p>4. <b>GENERAL</b></p>  |
| <p>1. <i>Die vervaldatum vir betaling ten opsigte van dienste gelewer, is die eerste werksdag na die 14de dag van die maand volgende op die maand waarin sodanige diens gelewer is, en is verhaalbaar op die eienaar van die perseel ten opsigte waarvan die dienste gelewer is, of andersins soos bepaal in Artikel 49 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.</i></p> | <p>1. The expiry date for payment in respect of services rendered, shall be the first working day after the 14<sup>th</sup> day of the month, following the month during which such service was rendered, and shall be recoverable from the owner of the premises in respect of which services were rendered or otherwise as determined under section 49 of the Local government Ordinance, 1939.</p> |
| <p>2. <i>Enige verskuldigde bedrag ten opsigte van sanitêre dienste deur die Raad gelewer, moet betaal word voor of op die eerste werksdag na die 14de dag van die maand volgende op die maand ten opsigte waarvan die heffing gedoen is.</i></p>   | <p>2. Any amount due in respect of sanitary service rendered by the Council, shall be paid on or before the first working day after the 14<sup>th</sup> day of the month following on the month in respect whereof levies were raised.</p>  |